DIE
Aambeeld
Kwartaalblad van die HTS Drostdy

2/2015

Dis wie ons is!

Na meer as 'n eeu is Drostdy steeds die skool waaraan almal hulle meet.

HTS Drostdy het 'n ryke geskiedenis van oor die honderd jaar. In hierdie tyd het daar baie positiewe dinge hier by ons gebeur, maar ook negatiewe dinge. Soos met enige instansie van hierdie omvang is daar seisoene en sommige jare is droog terwyl ander nat is en die vrugteskure oorloop met seën. Ons roem egter daarop dat ons nog elke keer opgestaan het en nie nodig gehad het om ander skole se name sleg te maak om onsself goed te laat lyk nie.

Ons is tans in so 'n droogtetyd. Een van die senior dogters het 'n week gelede die verskriklike ding kwytgeraak:" Ek voel op die stadium vere vir Drostdy. Ek kan net nie meer vernedering verduur nie."

Is dit waar ons opeindig na meer as 'n eeu, of is dit maar net die siekte van die tyd om 'n lojaliteitsprong te gee na 'n ander , groener kamp omdat jou span dalk nie presteer het soos jy wou hê dit moes nie?

NEE! Volstrek nie! Dis nie die Drostdyers wat ek al vir 30 jaar ken nie. Die Drostdy wat ek leer ken het , het nog altyd opgestaan en hulself laat geld. Dis hoekom ons die beste toutrekskool in die land is. Dis hoekom die meeste goue medaljes hier in Drostdy se binnehowe hang—want sport leer jou veg! Of dit nou stoei of netbal of skyfskiet is, jy veg tot die eindfluitjie blaas. En ons manne gaan dit weer doen.

Ons het onderneem om geen verskonings te maak nie en om 100% verantwoordelikheid te neem vir ons dade en ons prestasies. Aan elke ware Drostdyer wil ek die gerusstelling gee - daardie gees wat ons almal leer ken en liefkry het, is steeds 'n werklikheid . Ons raak elke keer sterker. Ons leer tydens elke geleentheid. Ons weet dat daar 'n plan met alles is en ons werk steeds terwyl ons op God vertrou.

Aan almal wat so lukraak hulle mantel na die wind draai - raak betrokke by die belewenis. Kom af van die pawiljoen af en kom sweet saam om hierdie wonderlike skool te beleef!

Lees hierdie Aambeeld van voor tot agter deur sodat elkeen van julle kan besef waarvan ons werklik 'n deel is. Van die personeel, die sporthoogtepunte, kultuuruitslae en akademiese mylpale - dit is en bly 'n belewenis.

-Redaksie

Akademie	Kultuur	Sport	Vermaak
Olimpiades	Koor	Hokkie	Rolo Titus
Saice	Redenaars	Netbal	Ons eie
Eksamens...	Eisteddfod ...	Skaak...	Legend...

LABORA DEO CONFIDENS

Shamim sien kans

"Sometimes you don't have to be talented, just committed" was Andries van der Merwe se slagspreuk in die lewe. My eerste kwartaal as redaktrise van die Aambeeld was nogal iets om te beleef. Om leiding te neem in iets soos 'n koerant, is baie anders as wat hulle dit laat lyk op 7de Laan.

Ek is nie van die "sterkste" kinders in my graad nie, maar as ek my hart daarop sit, bly ek toegewyd. Toe ek by die redaksie aangesluit het, het ek nooit eers daarvan gedroom om die redaktrise te word nie.

Hier is ek, en dit is nog 'n bewys dat Drostdy deure oopmaak en dat almal 'n plekkie in die "spotlight" sal kry.

Formeel is nie my styl nie. Daar moet altyd pienk tussen grys wees.

Dis wat hierdie uitgawe van die Aambeeld anders maak as die vorige uitgawes. Dié uitgawe het harde werk en baie ekstra ure vir die redaksielede beteken en 'n paar of twintig grys hare vir meneer Oupie laat groei, maar dit was alles die moeite werd.

Só, maak flou grappies, swem in die reën en geniet die vakansie.

WAT MAAK ONS ?

Mev Naudé het onlangs in die personeelkamer geopen en verwys na die vis wat verneem het dat hy water nodig het om te kan oorleef. Die vis het toe oral rondgeswem op soek na water – net om by 'n ouer vis te hoor dat hy nog sy lewe lank in die water is.

Ek voel amper om my storie net daar te eindig! Drostdyers moet wakker skrik en om hul heen kyk met oë wat sien en besef dat ons onsself in 'n uiters gunstige posisie bevind – dit geld vir die personeel en die leerders. Almal van ons streef na meer en beter en dit is goed so, maar ons moet verseker dat al die goeie en positiewe dinge van die skool, koshuis, terrein en die mense versorg word, behoorlik na omgesien word, waardeer en met respek behandel word – want dit is Drostdy!

Goeie,gesonde gesindhede is nie iets wat ons kan koop nie – dis juis die dinge wat ons waardes en norme bepaal en voed wat die belangrikste is. Die omgee, belangstelling in mekaar en die lojaliteit teenoor die skool en sy mense is wat Drostdy uniek en spesiaal maak en verseker dat die tradisievaste skool net beter en beter raak.

Dit is lekker en 'n voorreg om saam te werk en te bou aan die toekoms van ons jeug in 'n spesiale plek soos Drostdy.

Mnr. Dawie de Lange

Van anderkant die Oranje

Nog een van ons onderwysers is van die Transoranje ingevoer om hier by Drostdy te kom help. Mnr **Andrew Riaan Coetzee** is op Bethlehem gebore en het skoolgegaan by die Hoërskool Witteberg. Na skool het hy as elektrisiën gewerk en daar is hy geroep om vir 'n onderwyser te gaan leer.

Sy studies is by die PUK voltooi en hiervandaan is hy na Kroonstad om te begin met sy loopbaan as onderwyser. Dis dan ook hier waar mnr. Underhay hom gaan uitsnuffel het. Hy is tans by die Meganiese Afdeling betrokke en geniet dit baie.

Sy lewensfilosofie - "Doen alles voluit en moenie 'n dag afsluit sonder daardie wete nie."

Mnr. Andrew Coetzee

Geld is haar nis

Me. Enid Bothma (regs) is die nuwe gesig in die algemene kantoor. Sy neem die plek in van me. Elsa Kriel en sal verantwoordelik wees vir die finansies en alles wat daarmee gepaard gaan. Sy het baie sterk bande met Drostdy - haar man is 'n oudskolier wat in 1989 matriek geskryf het en haar een seun, Stephan, is in graad 10. Volgende jaar sal hulle tweede seun ook hier by ons aansluit.

Op die vraag: "Hoekom Drostdy?", was die antwoord sommer vinnig - om die belewenis te ervaar! Sy is maar nog kort hier , maar sy vind die mense en die skool "baie interessant". - veral die groen draak!

Baie welkom by ons. En dankie vir u insette en harde werk.

Me. Enid Bothma

Nommer vier is hier

Me. Jean O'Kennedy is nie net die wiskundemoeder nie, sy is ook 'n pastoriemoeder en 'n moeder van vier kinders. Een van die oudste seuns, Amo en sy vrou Cornel, het 'n seuntjie ryker geword en dus is me. O'Kennedy nou vir die vierde keer grootmoeder. Baie geluk met die kleinding. Klein Amo is perdfris en gesond en sy pa, wat ook 'n oudskolier is, is in die wolke oor die toevoeging.

Nog 'n klein Donkietjie op pad !

Me. Jean O'Kennedy

Ons groet vir mnr. Ian Claassens

In 2010 het Meneer Ian Claassens hom aangesluit by HTS Drostdy as Sportorganiseerder en bemarker, waar hy dadelik 'n groot verskil gemaak het. Baie van ons ken hom egter as oom Ian. Oom Ian het leerders gaan soek, spesifiek graad 7-leerders en vir hulle 'n geleentheid gegee om deel te word van die Belewenis by Drostdy.

Meneer Claassens se werk was meestal agter die skerms, maar dit is eintlik die belangrikste werk. Hy het gehelp om die beeld van Drostdy uit te dra en met sy kontakte het hier baie verandering by Drostdy plaasgevind.

Al het hy nie elke dag voor 'n klas gestaan nie, was hy deel van hierdie Donkie-familie. Waar hy op die skoolterrein geloop het en kon help, het hy. Hy het altyd tyd gehad vir 'n grappie of om net te hoor hoe dit met jou gaan. Sy bedoelings was altyd eerbaar en opreg.

Meneer Claassens is 'n familiemens en sy vrou en twee kinders word op die hande gedra. Meneer Claassens is 'n beginselvaste mens en sy lewe weerspieël sy liefde vir sy Skepper.

Ons groet Meneer, maar ons weet dat dit nie vaarwel is nie. Ons glo dat ons hom nog baie gaan sien. Sterkte met die pad vorentoe!

Mnr. Ian Claassens

Die ooievaar maak 'n draai

Me. Jomari Naude (regs) gaan ons eersdaags vir 'n paar maande verlaat. Sy gaan met kraamverlof.

Sy en haar man, Derick, is baie opgewonde oor hul eersteling. Die aap is uit die mou gelaat en dis amptelik - 'n seun!

Klein Derick Naude sal waarskynlik teen die einde van Julie sy verskyning maak. " Net nie vroeër as dit nie!" , het 'n duidelik opgewonde me. Naude gesê.

Me. Naude sal ons eers weer in die vierde kwartaal sien. Intussen sal mnr. Oupie du Plessis haar werk as graadhoof behartig.

Me. Naude - ons wens u alle voorspoed toe en hoop dat hierdie kleinding vir julle net plesier sal verskaf.

Me. Jomari Naude

Funksies...

Bo: Ivy Sutton

Bo: Die damespersoneel het behoorlik opgedos

Drostdy trakteer dames van omliggende dorpe

Me. Annemarie Underhay het oor 'n tydperk van drie dae die jongmense, minder jonges en die ouer dames van regoor die Wes-Kaap bederf met motiveringsprekers, sang en sommer net lekker damesbederfies.

Die Donderdagaand was dit die meisies se beurt en van ons dogters kon as gasvrou optree. Die boodskap was so opbouend en dit was tyd dat ons dogters weer 'n slag hoor dat hulle prinsesse is... Ivy Sutton het werklik 'n roeping en in die proses is almal gestig en kon daar ook heling plaasvind.

Vrydagaand was dit die mammas se beurt en die boodskap was ... wel ... geniet jou man! Die doel van die praatjie is om weer so 'n bietjie vuur in die huwelik te maak. Die waarde van die huwelik is uitgelig en dit was vir elke vrou net weer 'n slag goed om te hoor dat dit jou plek van geborgenheid moet wees - om batterye te laai en jou motivering te wees sodat dit in jou lewe moet deurslag vind. Sarah Theron was die gaskunstenaar en het almal met haar pragtige stem en sprankelende verhoogpersoonlikheid betower.

Saterdagoggend was dit die moeders se moeders se beurt. Van sover as Montagu en Riversdal het hulle opgedaag en is getrakteer met heerlike eetgoed, sang deur Sarah Theron en klaviermusiek deur Madré Burden. Die hele oggend was een groot seën en almal was so dankbaar om deel hiervan te kon wees.

Die goeie nuus is natuurlik - volgende jaar sal dit weer gebeur.

Opedag weereens 'n dawerende sukses

Drostdy se Opedag is kort na die aanvang van die kwartaal gehou. Ons het reggemaak vir baie mense en is nie teleurgestel nie. Die ouers het van vroegoggend af aangekom en die saal was in 'n ommesientjie sommer lekker vol. Die gidse het almal deurgeneem om die skool en alles wat dit bied te besigtig en vrae oor onduidelikhede uit die weg te ruim. Die middag was dit die graad 7's se beurt en hulle het dit gate uit geniet. Hulle is in groepe verdeel en allerhande truuks geleer - soos om die kreet te sing en hul eie liedjie. "Dit was flippen lekker", het 'n baie opgewonde Christiaan na die tyd gesê. Na so 'n dag, besef 'n mens net weer hoe bevoorreg elkeen van ons is om deel van so 'n wonderlike skool te wees.

Aangesien dit deesdae die mode geword het om skole van die verhoog af by te kom tydens opedae soos hierdie, is dit weereens lekker om te hoor dat ons Hoofseun van die verhoog af ouers aanraai om deur te loop, alles te vra en die regte besluit vir hul kinders te neem - onder leiding van die Heilige gees. Drostdyers weet wat die skool bied, ouers weet nie altyd nie en die inligting wat ouers kry, is nie altyd volledig nie. Ons nooi ouers uit om enige dag 'n draai te kom maak. Onthou net om daai aansoekvorm betyds in te gooi. Daar is nog net 'n paar plekke in die koshuis beskikbaar.

Seuns se netheid 'n prioriteitsaak

Hierdie kwartaal het ons die seuns se netheidsinspeksie so 'n bietjie verander. Om eenvormigheid te bewerkstellig, het mnr Oupie du Plessis die netheid van die graad 8-11's hanteer. Mnr. Callie le Roux het verantwoordelikheid vir die graad 12's geneem. Die huiswerkboek sê baie duidelik hoe die seuns se hare moet lyk. Ons is egter nie onredelik as dit kom by die knip van style nie. Die "English cut" is deesdae baie populêr en kan baie netjies lyk. Daar is egter van die leerders wat nie weet waar om die streep te trek nie. Daar mag nie so 'n definitiewe verskil tussen die hare langs die kante en agter teenoor die hare bo-op die kop wees nie. Leerders wat hulle hieraan skuldig maak, sal gevra word om te laat sny. Ons wil tog ons ouers se hulp vra met die kwessie. Ons vind dat sommige van die ouers die leerders ondersteun terwyl hul hare nie volgens die reëls gesny is nie. Dis teenproduktief en die kind word gewoonlik in die middel van so iets vasgevang. Die reëls is eenvoudig - kom dit na asseblief.

Daar sal reeds op die eerste dag van die derde kwartaal begin word met inspeksie. Leerders wat met lang hare skool toe kom, sal gestraf word. Baie dankie vir u as ouers se hulp in dié verband.

Drostdy vat hande met die gemeenskap

Me . Rensia Vermeulen, een van Drostdy se Engelsjuffrouens, tesame met die ATKV jeugtak van die skool het 'n behoefte raakgesien by een van ons skole in Worcester. Sy, me Thea Krouwkam en 'n paar van ons leerders het die skool gaan besoek en in gesprek getree met die Skoolhoof en ander belanghebbendes. Die realiteit is dat die skool, met 1600 leerders, enorme leemtes ervaar en dit moet aangespreek word sodat leer kan plaasvind. Die skool kry net soveel by die staat en vir die res moet hulle self sorg. Die behoefte was dat die klasse geverf moet word, leermateriaal voorsien moet word, kantoortoerusting moet opgradeer word en 'n elektroniese puntestelsel in plek gekry word. Die vierde behoefte was ietwat van 'n groter uitdaging - 'n sokkerveld vir die leerders. En daar is niks nie. Die idee is dat daar op volgehoue basis ondersteuning gebied sal word.

Enigiemand wat 'n bydrae wil lewer is welkom om me. Vermeulen te skakel.

Prysuitdeling 'n eerste

Om die duur van die prysuitdeling aan die einde van die jaar te verkort, het ons besluit om hierdie jaar iets anders te probeer - ons het die sporttoekennings vir al die somersport reeds afgehandel. Ons wil nie graag in hierdie uitgawe al die uitslae gee nie, want ons hou dit vir die Drostdy Nuus aan die einde van die jaar. Wat ons wel met oortuiging kan sê, is dat dit 'n geslaagde aand was en beslis weer in die toekoms sal plaasvind.

SPORT

RUGBY

Drostdy se rugby word grootliks onder die eerstespan-kam geskeer en mense is geneig om die toestand van ons rugby teen die agtergrond van die eerstespan se uitslae te evalueer. Dis egter ongeldig en baie misleidend. Ons spanne doen baie goed en oefen hard om in die liga wat ons speel , stem dik te maak. Die afrigters neem baie inisiatief en doen moeite om ons spelers bloot te stel.

Dit werp duidelike vrug af en heelwat van ons leerders is vir die Boland-spanne gekies. Iets wat 'n baie meer geldige barometer is van Drostdy se potensiaal.

Hierdie leerders is:**0/18 Cravenweek** Pieter Stassen, Erik Groenewald, Evan Booysen en Earll Douwrie.

o/18Akademieweek: André Swanepoel,Zandre Fernhout

0/16 Grant Khomo-week:Mansur Anthony,Bradley van Turha, Greyling Geldenhuys en Timothy Allies.

Hanro voer die Bokkies aan

Hanro Liebenberg (links), hoofseun van 2013, is tans besig om die Bokkies in die o/20 *World Cup* te lei. Tot in die stadium het hulle die Aussies 'n moeder van 'n pak gegee, ook vir Samoa, maar vasgeval teen die Engelse. Ons is egter steeds baie trots op ons seun. Hanro speel vir die Blou Bulle, maar is opgeroep om vir die jong Bokkies op te draf en is dan ook as Kaptein aangewys.

Hanro is 'n inspirasie vir almal van ons en hy is net weereens 'n bewys - as jou drome groot genoeg is en jy is bereid om alles te gee, is die wêreld jou speelplek.

Dis ook lekker om vir Wilco Louw (regs) in die streeptrui te sien. Wilco was stut vir die jong Bokkies en speel, na 'n tyd by die Bulle, vir die Stormers in die super 15 - reeks en ...

Mnr Renier de Villiers kry Boland

Mnr Renier de Villiers is as Boland o/18 Cravenweek se kondisioneringsafrigter aangestel. Hy is in beheer van mediese hulp, fiksheid en "strapping".

Mnr De Villiers is ook die o/15A-span se afrigter en doen uitstekende werk. Ons weet sopmmer dat hy hierdie geleentheid sal aangryp en 'n groot verskil by Boland sal maak.

Drostdy lewer nog twee Bokke / Proteas!

Jason Beukes (links) en Jaco van Staden het die afgelope kwartaal aan die Afrika Stoeikampioenskap in Egipte gaan deelneem. Die twee manne het so goed gedoen hier in Suid-Afrika. Jason het byvoorbeeld nog nooit tydens die SA-kampioenskap verloor nie en Jaco is net so 'n yster.

Jason het teruggekom met 'n silwermedalje en Jaco het 'n vierde plek in Egipte behaal. Julle ouens is 'n mooi voorbeeld vir ons ander wat maar tevrede moes wees met sonskyn en braaivleis.

Hordes Hokkiespelers in Provinsiale Spanne

Die 2015 hokkieseisoen het alreeds 'n paar hoogtepunte opgelwer - daar was die gelykoptelling teen die Bosvarke tydens die Classic Clashes, die wen teen Outeniekwa met die o/14-seuns en dan natuurlik die groot hoeveelheid leerders wat in provinsiale spanne opgeneem is.

o/18 - Noord-Boland Shiraz seuns - **Marco Visser**

Ruan Lambrechts

o/16 Noord Boland Shiraz seuns - **Juan Cornelissen**

Tristan Matthews

Heino Welgemoed

Ruben Wolstenholme

o/14 Noord-Boland Shiraz dogters - **Antoinette Steijn**

Die o/19A-span

Jacques Marais is ook in die Boland Interprovinsiale span opgeneem. Hy is o/16 en ons is baie trots op elkeen van hierdie leerders. Mnr Steijn is die o/14 Shiraz dogters se afrigter en Alecia le Roux in graad 12 is hul spanbestuurder. Baie geluk ook aan julle.

Pukketoer 2015

Die afgelope Aprilvakansie het 10 van ons netbalmeisies Potchefstroom toe gegaan om aan 'n tawwe netbalkursus te gaan deelneem.

Hulle het die Maandagoggend vyfuur vertrek en in Kimberley by Horse Shoe oorgeslaap. Die volgende oggend het hulle weer in die pad geval en na vyf ure se ry in Potchefstroom aangekom. Hulle het dadelik met hulle eerste sessie begin en drie ure later was almal moeg en redelik onseker oor hoe hulle nog drie dae sulke harde sessies gaan maak. Die eerste aand was daar 'n spanbou-aktiwiteit, wat gesorg het vir 'n lekker lagsessie en daarna... ruskans.

Woensdag, Donderdag en Vrydag het hulle van agtuur die oggend tot halfeen die middag geoefen en weer van twee- uur tot vieruur. Die aand is daar ook nog tot laat geoefen.

Hulle het omtrent ag ure, elke dag, netbal geoefen! Teen die Woensdag was almal se spiere seer en het die meisies maar min energie gehad. Die toer het verskriklik baie deursettingsvermoë geverg en eers teen die einde van die kursus het hulle besef dat al die harde, tawwe oefeninge rêrig die moeite werd was.

Hulle het die Vrydagaand drie wedstryde gespeel, waarvan hulle twee gewen het en 1 verloor het. Die afrigters van die week was onvergelykbaar. Hulle het die meisies baie geleer en alhoewel dit soms harde kommentaar was, het hulle gou besef die afrigters weet waarvan hulle praat.

Die toer was werklikwaar 'n wonderlike ondervinding en hulle het almal weereens besef: Netbal is NIE vir sussies nie!

SKAAK

Die skaakspelers het 'n besige kwartaal agter die rug. Hulle het ligawedstryde teen Goudini, Worcester Gim en Hexrivier gespeel en sal vroeg in die nuwe kwartaal die meerkatte aanvat. Die van julle wat nie weet nie - dis nou Montana. Hulle gaan ook volgende kwartaal aan die Akkedissie-sportdag deelneem. Ons wil almal vir Albrecht van Zyl 'n veer in die hoed steek vir sy deelname aan die Wes-Kaap kampioenskap. Ons duime is seer gehou vir die SA's.

As daar enigiemand is wat dit oorweeg om skaak te speel, is dit beslis nou die tyd, want volgende kwartaal gaan daar baie dinge gebeur. En jy is immers nooit te oud om te begin nie...

Outeniekwa-toer

As die bus op Swellendam breek...

Die O/14 en O/16 hokkiespelers het vol verwagting op die bus geklim, reg vir hulle eerste groot sporttoer as Drostdyers Outeniqua toe, die bus tot teen die dak gelaai.

En toe breek dit. Die bus. In Swellendam se hoofstraat het daar 'n rivier water onder die bus uit oor die pad geloop – en dit voorspel gewoonlik nooit iets goeds nie. Nadat die probleem vasgestel is, moes ons hoor dat ons bus ons nie 'n tree verder kan vervoer nie en dat ons "vir so 45minute" moet wag vir 'n nuwe bus. Siende dat ons in Afrika bly is dit toe ook nie vreemd dat ons twee ure later, op regte Afrikatyd, eers die nuwe bus om die draai sien kom het nie. Ons het darem bietjie "live" bemarking vir ons Opedag ingepas toe een van die leerders die Opedag plakkaat teen die lamppaal sien (sien foto).

Die nuwe bus was aansienlik meer gerieflik as die vorige een en hy het ons veilig tot in George geneem. Die res van die naweek was daar slegs klein vervoerhekkies om te oorkom, maar verder het elke leerder hom- /haarself gate uit geniet. Vir ons as skool was die uitstappie ook 'n geskiedkundige gebeurtenis siende dat dit die eerste keer is dat ons met so baie hokkie, netball en rugbyspanne getoer het.

Hoewel ons op sportgebied gemendge welslae ervaar het, glo ons dat die herinneringe almal nog vir lank sal bybly. O/14 en O/16 hokkiespelers, respek! Julle is ysters!

Hengel

Johan Du Plessis, graad10, verower Protea kleure in Varswater hengel – kunsaas.

Dis nie die eerste keer nie, maar ons is steeds baie trots.

Redaksie brei uit

v.l.n.r. Esmé Pettit, Corli Ramsauer, Stephan Bothma, Tania Venter

Daar is ook nog ander mense wat aangedui het dat hulle wil help, maar toe nooit opgedaag het nie. Julle is almal baie welkom. Aan die nuwe mense - baie welkom en mag dit vir julle 'n heerlike uitdaging bly.

BIG BRAG

Die Vrydag voor die Classic Clashes is tradisioneel gereserveer vir die "Big Brag". Elke spankaptein kry die geleentheid om sy/haar span aan te kondig en 'n paar gevleuelde woorde tot die span en die ander spanne te rig. Iets soos: "Hierdie is die ysters en ons wil graag al die ander spanne sterkte toewens..." Ouers moet in die toekoms prober om dit by te woon. Dis altyd baie opwindend en die spanne se "performance" iets om te ervaar.

Classic Clashes

Op 9 Mei 2015 het Drostdy by Worcester Gimnasium aangekom vir die jaarlikse "clash" van die twee Worcester skole. Hierdie wedstryde verskaf elke jaar baie opwinding in die dorp en die toeskouers het in hul duisende opgedaag. Drostdy se netbal het hierdie jaar die gaping baie kleiner gemaak. Die netbal het in die laaste dekade gegroei van drie spanne tot veertien spanne in 2015 en die O/15 A-span wen vir Worcester Gimnasium 19 - 14. Die hokkie-uitslae is oor die algemeen redelik gelyk en die eerstespan seuns speel in 'n naelbytstryd gelykop 2 elk. Op die rugbyfront domineer Drostdy die dag en teken in total 303 punte aan. Die eerste span val egter vas en Worcester Gimnasium se O/19A-span seëvier vir die eerste keer sedert 2003. Die dag se sport is in baie goeie gees gespeel en ons wens graag vir Worcester Gimnasium geluk met hul O/19 A-rugbyspan.

Ons het egter hierdie jaar vir die Gimmies 'n baie goeie "go" gegee op die pawiljoen met 225 goed geoefende kinders met verskillende kleure vlae. Die Gimmies het ons nie verwag nie en dit was heerlik om hulle vir die volle duur van die wedstryd dood te sing.

Pimp my Gym

Die gimnasium het beslis 'n "makeover" nodig gehad. Mnre. Peini Naude en Renier de Villiers het hierdie behoefte aangespreek en nuwe apparaat teen 'n winskoop aangeskaf. Na baie hardewerk is die eindproduk regtig iets om op trots te wees.



Pick up Lines

Vir die manne wat so 'n bietjie sukkel met die skoner geslag - hier is 'n paar warm wenke om hulle met woorde te betower:

Do you have a name or can I call you ... mine?

Are you a keyboard because you are just my type...

I may as well call you google because you're everything I am looking for...

Can you please empty your pockets?

Why?

I think you stole my heart.



WIE, WAT, WAAR...

Waarna om uit te sien volgende kwartaal

31 Julie 2015

WINTERBAL

24 Augustus 2015

PUTTY CUP

5 Augustus 2015

Interkoshuis Netbal, Skaak, Hokkie en Rugby

1 Oktober 2015

MATRIEKAFSKEID

40 DAYS!

14 Augustus 2015

Matriek 40 DAYS

6 — 10 Augustus 2015

KAROO TOE

KULTUUR

Die singende DONKIES

Op 25 Junie het Drostdy 'n kultuuraand in die MJ de Wetsaal gehou wat nog lank onthou sal word. Ons het drie van die laerskole van Worcester genooi en dit was iets om te beleef. Hierdie vallei van ons se mense kan sing hoor - en hulle kinders ook. Worcester-Noord, -Oos en Primêr het ons kom bederf met hulle pragtige kinders se sang. Ons eie koor, onder leiding van mevrou Christine Meiring, die dirigent, en mnr. Jaco Beeselaar, was self iets om oor te spog. Ons koperblaasorkes het ook gehelp om die kersie op hierdie kultuurkoek te sit. Mnr. Pieter Ras en me. Stephne Krige is aan die stuur van hierdie groot koperskip en hulle is fenominaal. Hulle leer nie net die kinders om klank voort te bring nie, maar om hulle siel in iets te stort - en dis onkoopbaar. Baie dankie Drostdy vir nog 'n wonderlike belewenis.

Orkes vaar uitstekend in UNISA musiekeksamens

Op 6 en 7 Mei 2015 het 29 musiekleerders van HTS Drostdy se Koperblaasorkes UNISA musiekeksamens gespeel. Hulle het baie goed gevaar en het uitstekende persentasies gelewer. Baie dankie aan Mev. Krige wat baie tyd opoffer om elke kind te onderrig en help om sukses te behaal. Onthou harde werk word beloon!

UNISA UITSLAE: MEI 2015 EKSAMINATOR: P. HUGO van die Universitiet van Stellenbosch

VVA - EKSAMENS

CHRISTO ERASMUS	TP6	90%
DANIE LE ROUX	TP6	90%
ALBERT LE ROUX	TP5	90%
MARCéL NAGEL	EUF6	85%
PHLIP DU PREEZ	EUF5	85%
RENé HORN	PE4	85%
ANRO SMIT	TP4	85%
THINUS POOL	TB4	85%
ASTRID BOTHMA	TP4	80%
TANIA VENTER	EUF3	80%
MARELIZE UYS	TP3	80%
TANYA OOSTHUIZEN	TRB2	80%
NICHOLAS HORTON	PE1	80%
STEPHAN HENDRIKS	EUF1	80%
HEIN COETZEE	TP3	75%

GRAAD – EKSAMENS

SUSAN VILJOEN	PE1	88%
KARLA VAN RENSBURG	PE1	87%
LEREZE DE SCANDE	EUF3	86%
ELIZE BRUWER	TP2	85%
EMCé RAS	PE2	85%
AARON HARKER	TP2	84%
YVETTE VAN DER WALT	EUF2	83%
JP MILLEN	TP2	83%
CARLA BRINK	TB2	82%
HERBST DU PLESSIS	EUF1	82%
MELCHIOR VAN DER BERG	TP2	78%
ULRICH SCHREUDER	TP2	76%
FRANCOIS ENGELBRECHT	TP2	76%
MAURITZ SWART	EUF2	75%

VCSV

Hierdie kwartaal kuier ons saam met Andy Standley rondom die tema van geloof. "Faith, hope and chance" is 'n reeks gesprekke oor hoe ons moeilike gelooofsvrae antwoord. Wat maak ek as die Here my slegte omstandighede nie verander nie, my ouers se egskeiding nie keer nie of nie genesing van kanker bring nie? (Of ons laat verloor teen Gim in die laaste paar sekondes al het ons hard gebid dat hulle die skop moes mis.) Wat glo ons dan?
Ons praat saam, lag saam, sing saam, bid saam en groei saam. Twee is beter as een, en ons is 80! John Wesley rig dié uitdaging aan gelowiges bykans 300 jaar gelede (met digterlike vryheid in kursief): "Give me one hundred men/women who would fear nothing, but sin. Desire nothing, but God, and I care not a straw whether they be young; such alone will shake the gates of hell and set up the kingdom of heaven on Earth."
Die Here is besig om hier in ons midde vir Hom 'n groep tieners af te sonder vir Sy besondere gebruik en hierdie besonderse seisoen was Oestyd!

DRAMAVERENIGING - Asook die drama en sy karakters...

Na baie jare is daar besluit om weer 'n Dramavereniging tot die skool se buitemuurse bedrywighede te voeg.

Mev. Elaine Marais het goedgunstiglik ingewillig om vir ons, ons eerste vollengte drama te skryf getiteld: "Kareltjie se pa". Die akteurs oefen hard en getrou tot laat in die aand, omdat hulle programme in die middag so vol is. Ons geniet dit geweldig en is besig om 'n hegte groep te bou, waar ons meer van mekaar asook die drama en sy karakters leer ken.

Die Dramavereniging hoop om volgende kwartaal die drama op te voer as fondsinsameling vir toekomstige produksies en sal u later van meer inligting voorsien. "Watch this Space!"

Ons werk ook huidiglik aan twee eenbedrywe wat ons tydens die kultuuraand van HTS Drostdy gaan opvoer.

Ons glo dat die Dramavereniging van krag tot krag sal gaan en só HTS Drostdy se kultuur verder sal uitbrei.

EISTEDDFOD 2015

HTS Drostdy se Eisteddfod-leerders oefen alreeds van verlede jaar af vir die 2015 Worcester Eisteddfod. Ons het hard gewerk en baie ure ingesit. Neëntien items is ingeskryf wat bestaan uit Engels en Afrikaanse gedigte asook prosas.
Mev. Neethling is baie trots op hierdie leerders se selfdissipline en deursettingsvermoë om, ten spyte van baie vol buitemuurse programme, ook nog tyd in te ruim om oefening by te woon en getrou te oefen.

Ons wens die leerders wat op 27 en 28 Julie deelneem baie voorspoed toe.

Bloedskenk

Die Donkies leef voorwaar hulle waardes uit wanneer dit tyd is vir Bloedskenk.
Hulle bewys hulle liefde vir die gemeenskap, kom hulle verantwoordelikheid na, doen dit met die nodige respek teenoor die gawe van lewe en hulle doen dit met trots.



Selfs die graad 10's ,op 16 jaar, skenk ook nou al bloed! Almal loop breëbors en bars byna van trots om te kan bloed skenk.

Die bewys hiervan is die persentasies wat skenk. dis amper ± 40% en die wêreldgemiddeld is maar 4%.

Ons bedank elkeen, die graad 11's en 12's ook. Die eerste twee kwartale het ons oor die 200 eenhede geskenk wat 600 mense help. Ons sien met groot afwagting uit na die laaste 2 bloedskenkklinieke die res van die jaar.

FOTOGRAFIEKURSUS

Ons het Vrydagmiddag die 17de April ons eerste fotografiekursus bygewoon. Fanus Schoeman van We Teach Photography het vir ons die middag kom leer hoe om ons kameras te gebruik. Fanus het 34 jaar ondervinding as professionele fotograaf. We Teach Photography was die amptelike fotograwe wat die SA Toutrekkampioenskap kom afneem het en dus weet ons, ons is in goeie hande.

Ons het geleer dat dit baie beter is om die foto van die begin af reg af te neem, met die regte beligting, as wat dit is om na die tyd 'n foto te gaan probeer beter maak met "Photoshop". Ons het ook geleer dat jy net een kans het om 'n foto te neem en as jy nie reg is of jou kamera nie ken nie, het jy daardie kans verloor.

Die skool se nie-amptelike fotografieklub is definitief gebore en dit was lekker om by die volgende sportdag "notas" met mekaar te kon uitruil oor hoe jy jou kamera gestel het om 'n spesifieke foto te neem.

Baie geluk aan die volgende leerders: Jessica Felix, Stephan Pretorius, Nadia Lingenfelder en Ruhan Roos en ook die volgende ouers, Loekie Olivier en Lurinda van der Merwe, wat die eerste kursus bygewoon en hulle sertifikate ontvang het.

Wees dus gewaarsku - die paparazzi is definitief daar waar jy dit die minste verwag.

MODEMAN

27 Maart 2015 het Shawn Viljoen, graad 12, aan 'n modelkompetisie deelgeneem, Mr and Miss Matric Supermodel 2015. Dit het plaasgevind op Stellenbosch. Hierdie kompetisie strek oor die hele Wes-Kaap. Shawn is gekroon as die 1ste prins en mnr. Fotogenies. Shawn was nog nie klaar nie. Op 30 Mei 2015 het hy aan die eerste mnr en mej Worcester deelgeneem in die Mr Teen Worcester Kategorie. Hy is gekroon as Mr Teen Worcester 2015, weereens mnr. Fotogenies en Best Style model over all.

AKADEMIE

SAICE WATERKOMPETISIE

Op Saterdag 25 April 2015 het van die Drostyders in die Saice Wes-Kaap skole waterkompetisie deelgeneem. Hulle het van 9uur die oggend tot 2uur die middag gebou. Die span wat Drostdy verteenwoordig het, bestaan uit: José van Rhyn, Ruan du Pessis en Llewellyn van Rensburg, almal matrieks. Hulle behaal 'n 3de plek uit 24 spanne. Mnr B.J Geldenhuys het hulle by gestaan.

REKENAAR OLIMPIADE

Die IITPSA Rekenaarolimpiade is een van die oudste en grootste kompetisies van sy aard in die wêreld en word al van 1984 aangebied. Ons het die 16de Maart deelgeneem aan die "Talent Search" Rekenaarolimpiade. Leerders se logiese denke en algemene vaardighede is getoets. Hierdie afdeling van die olimpiade is ook 'n goeie aanduiding van leerders wat goed sal vaar in 'n IT-studierigting. Die leerders moes 'n aanlyntoets op die rekenaar skryf. Die uitslae bepaal wie die beste in die graadgroep gedoen het en wie ook dan die beste in die skool gedoen het.

Graad 12:	Graad 11:	Graad 10:	Skool:
1ste Johan Krieg	1ste Chander Bloem	1ste Gerald Greeff	1ste Johan Krieg
2de Lian Bond	2de Juandré Truter	2de JJ Srtydom	2de Gerald Greeff
3de Willem Adams	3de Werner Vermaak	3de JP Retief	3de JJ Strydom

Op die 8ste Mei het ons deelgeneem aan die Toepassingsafdeling van die Rekenaarolimpiade. Leerders se algemene vaardighede om die Office-toepassingspakket te gebruik, is getoets. Die Rekenaartoepassingstegnologie-leerders het die olimpiade afgelê deur 'n toets op die rekenaar te skryf. Die uitslae bepaal wie die beste in die graadgroep gedoen het en wie ook dan die beste in die skool gedoen het.

Graad 12:	Graad 11:	Graad 10:	Skool:
1ste Nina Fouché	1ste Arno Maas	1ste Damien Knowles	1ste Nina Fouché
2de Johan Krieg	2de Tiaan Esterhuizen	2de Terence Knutsen	2de Johan Krieg
3de Llewellyn van Rensburg	3de Jolize Jordaan	3de Erik Maas	3de Arno Maas

Brilliant Young Donkeys

Die Brilliant Young Donkeys is 'n klub vir die top akademiese presteerders in elke graad in Drostdy. Die doel van die klub is om hierdie akademiese sterre verder te motiveer, hul ervaringswêreld te verryk en sommer net te bederf.

Ons eerste byeenkoms was op 18 Februarie 2015 waar onswaar ons lekker saamgeëet het en na 'n motiveringspreker geluister het. Ons het ook na tydsbestuur gekyk en bespreek wat "excellence" werklik is.Steve Jobbs van Apple het gesê:

"We don't get the chance to do many things and everyone should be really excellent. Because this is our life. Life is brief and then you die, you know. So this is what we are chosen to do with our lives."

In kwartaal 2 sluit ons graad 8's by ons aan en beoog ons om gedurende die laaste week die Kaapstad Stadion te besoek.



UCT WISKUNDE OLIMPIADE

Die Universiteit van Kaapstad se Wiskunde Kompetisie, begin in 1977, is 'n jaarlikse gebeurtenis vir hoërskole in die Wes-Kaap en vind plaas op die Universiteit van Kaapstad se Kampus.

Ongeveer 7000 hoërskoolleerders neem elke jaar deel aan hierdie kompetiesie. Uitnodigings word aan 400 verskillende hoërskole gestuur. Elke skool kan 5 individue en 5 pare per graad inskryf. Aparte vraestelle word vir elke graad opgestel en geen inskrywingsfooi word gevra nie.

Hierdie jaar het Drostdy met 75 leerders aan die kompetisie gaan deelneem, waarvan 17 leerders elk 'n Meriete toekenning ontvang het.

Laura-Lynne Brandt ontvang dan ook 'n Oxford Prys vir die leerder in Drostdy wat die beste presteer het.

Die volgende leerders ontvang elk 'n merietetoekening:

Graad 9:	Laura-Lynne Brand
	Danie Retief
	Adriaan Alberts en Ben-Ernst Botha
	Kyla Avenant en Tina Kleinhans
Graad 10:	Phillip Cornellisen
	Pieter Möller
	Astrid Bothman
	Stefan du Plessis
Graad 11:	Nicolas Truter
	Karla van Rensburg
	Hein Coetzee
	Chander Bloem
Graad 12:	Christo van Wijk

Nogmaals baie geluk aan elkeen van hierdie leerders.

Hulle kan maklik praat

Ons het verlede kwartaal reeds vertel van die redenaars wat so goed doen, maar hierdie kwartaal het hulle net van krag tot krag gegaan.

Alecia le Roux, Carla Brink, Mariechen Jordaan, Joh-Mari Marais en Ané Brink het deurgedring na die semi-finale rondte en Joh-Mari het 'n sewende plek verwerf vir voorbereide redenaars.

Letitia Moller(88%), Alecia (90%), Mariechen (87%) en Joh-Mari (91%) het ook aan die radikale redenaars deelgeneem, terwyl Antoinette Steijn aan die leesfees deelgeneem en 95% verwerf het!

Alecia, Joh-Mari en Antoinette gaan in Oktober in Pretoria aan die Nasionale kompetisie deelneem.

Me Olivia Steijn doen baie moeite met hierdie leerders en ons sê vir haar baie dankie.Ons wil volgende jaar nog meer mense inskryf, want hierdie vaardigheid is goud werd na skool. Waar is ons seuns?



50 wedstryde